

Hoë geboue: simbole van menslike grootheid en mag

Preek: Pierre van Ryneveld

23 September 2001

Teks: Deuteronomium 8:11-20 en Sagaria 14:16-19

Ons hele bestaan was lanklaas so gekleur deur 'n enkele gebeurtenis. Sedert 11 September 2001 en daardie allerverskriklike aanval van terrorisme op die WTC, sien ons nie alleen die beelde van verwoesting oor en oor op ons televisieskerms en ons tydskrifte nie, ons sien dit ook herhalend in ons verbeelding terugkom. Die vliegtuig wat skynbaar rustig aangevlieg kom en die volgende oomblik die geboue wat blom met vlamme en rook. Die mense wat desperaat na benede tuimel, die gebou wat in 'n wolk van as en stof in plof....

Dit is so 'n oorheersende gebeure dat mens voel 'n preek oor enige ander onderwerp is onvanpas. Aan die ander kant is dit so 'n ingewikkelde gebeurtenis met sulke verreikende implikasies en so moeilik om te beoordeel, dat mens voel jy kan nie daarvoor preek nie. Die gevaar bestaan verder dat mens in enige soort van nugtere tipe refleksie nie genoeg empatie betoon met die Amerikaners wat die naaste daardeur geraak word nie. Mens wil nie hier ver en van buite 'n koue akademiese beoordeling maak nie. Dit is ook ons plig om mee te voel met die hartseer, magteloosheid en woede van hulle wat meer direk daardeur geraak word. Daarom het ek tog ook gehuiwer om daarvoor te preek. Ek is wel aangemoedig deur 'n paar aanmerkings van Amerikaanse vriende wat self probeer sin maak uit die gebeure.

“It is a day that will certainly be with me the rest of my life and I am certain it will have an impact on America well into the future. It is certainly causing individuals to become more aware of their finitude, how fragile our life is and that things aren’t as secure or as in control as they may sometime seem.” (Prof Howard Stone van Texas Christian University)

“It is hard to imagine, first of all, that it could happen. It is hard, second of all, to imagine the eruption of militaristic violence among us and readiness to declare a war on almost anyone we can think of. It is indeed, an ominous time for us and so your prayers are important.” (Prof Walter Brueggemann, Columbia Theological Seminary.)

Wat hier volg is een perspektief wat ek kortliks behandel met die voorstel dat ons eintlike en beste respons nie baie woorde is nie, maar stilte, nadenke en ondersteuning in ons gebede.

In die mitologie is groot geboue altyd simbole van menslike trots en sukses. Hulle verteenwoordig nie alleen tegnologiese sukses – om so ‘n klomp mense met hulle werk en lewe in so klein ruimtetjie in te pak – nie, maar ook die toring van menslike aspirasie en vermoëns. Dit is veral waar van die moderne westerse samelewing (met Amerika aan die voorpunt) waar grote en grootheid ons moderne afgode geword het. Hoe groter hoe beter.

Sulke moderne groot geboue is ook simbole van sosiale beheer. Dit is nie plekke vir die armes nie, maar vir die bevoorregtes. Meestal is sulke geboue ook omring deur ‘n muur van sekuriteit. En as jy dit nog regkry om by die ingangsportaal verby te kom, sal vind dat jy ook nie uit die hysbak uit op elke vloer kan afstap nie. Toegang is op baie plekke verbode. Jy moet ‘n kaart hê of ‘n kode ken om te kan afstap.

Ons groot geboue, soos baie ander dinge in ons tegnologiese samelewing, gee ons ‘n gevoel van permanensie en kontrole bokant en oor ons omgewing. Hulle verskaf aan ons die gevoel dat binne daardie mure en vanuit daardie vensters die lewe tog beheer kan word en nie so bedreigend is nie. Hierdie simbole vertel vir ons dat ons tog die vermoë het om ons wêreld te vorm en te beheer volgens ons wil.

Dit is merkwaardig dat een van die eerste reaksie van die mense na die val in Genesis, was om stede te bou. Uitbarstings van menslike aktiwiteite wat in die bou van die toring van Babel gekulmineer het. Die eerste reaksie op die sondeval is om simbole van mag daar te stel. Ons bou al hoër en groter omdat ons behoefte daaraan het, nie alleen in 'n praktiese sin nie, maar in 'n geestelike sin. Om op te maak vir die gebrek aan gemeenskap met God.

Stede is gevaarzones, nie in die eerste plek omdat terroriste daar kan tref nie, maar omdat dit stad en die geboue aan ons die versoeking gee om ons suksesse te vier en daarin op te gaan terwyl ons van God vergeet. In die stede is dit makliker om van God te vergeet as op die platteland. Binne geboue en die groot *malls* maak dit nie meer saak of dit reën of hael daarbuite nie.

Hoe verskriklik ookal, die gebeure van 11 September is opnuut 'n herinnering aan ons dat ons nie die mag en sekuriteit het wat ons gedink het ons het nie. Dit is 'n herinnering en van nou af sal ons dalk nie weer so gou vergeet van ons eie breekbaarheid en verganklikheid nie.

Die Israeliete het een maal per jaar die loofhuttefees gevier (waarvan ons lees in Sagaria 14). Dan moes hulle vir die duur van die fees in selfgemaakte, tydelike hutte gaan bly. Dit was om hulle te herinner daaraan dat hulle eie geboue tydelik is en dat daar net een Permanensie is en dit is God. Dit is amper om gewillig en georganiseerd elke jaar weer uit die geboue wat aan ons permanensie verleen, uit te vlug en soos die plakkers onder 'n stukkie plastiek of sink te gaan bly – as herinnering daaraan dat ons ewige woonplek by God is.

Ons het nie 'n loofhuttefees nie. Kom ons interpreteer hierdie ontsettende gebeur as 'n soortgelyke herinnering. Kom ons los vir 'n oomblik ons slim politieke en teologiese interpretasies en onthou net weer vir God.

Gebed

Ons gaan vir 'n rukkie stil wees en dan lees ek 'n verklaring wat ook 'n gebed is, wat onder teologiese professore en studente in die VSA gesirkuleer word en wat aan president Bush gestuur word. Laat ons probeer om daarmee te identifiseer.

Dear President Bush:

>

>At this time of unprecedented anguish and loss for the American people,

>we

>commit ourselves to pray for you and other national leaders who must

>decide

>how to respond to horrific acts of violence. As followers of Jesus

>Christ,

>we mourn the death of innocent people and utterly reject the brutal

>tactics

>of those who inflicted this grievous wound.

>

>Our prayers for you and the nation include the following:

>* That you and other American leaders might respond with

>restraint.

>Violent retaliation by this country will only plant seeds of hatred

>that

>someday will yield further terror and bloodshed.

>* That we as a nation might examine carefully how we have acted

>toward

>other peoples and nations in recent decades. What have we done to

>elicit

>this level of hatred and this kind of desperate act?

>* That we might refrain from scapegoating entire peoples or

>nations.

>The majority of Arabs and Islamic people, for example, condemn the acts

>of

>terror visited upon America.

>

>The recent attack upon this nation exposes our supreme vulnerability.

>There

>is no military response or hardware that can make the United States

>truly

>secure. The only viable long-term strategy is to build friendship with

>those who would be our enemies, to work for a world where resources and

>power are shared by all, and to put our confidence in God.

>

>May God grant you wisdom and strength for these difficult days.

>

>Sincerely,

>

>J. Nelson Kraybill, President, Associated Biblical Seminary.